

#HoeNou?! – Episode 14: AFRIKAANS.COM IDIOME DEEL 2**Afrikaans.com-idiome Deel 2****Om die draak te steek**

Waarom sê ons jy kan die draák met iemand steek? En wat op aarde is die kluts wat jy so maklik kan kwytraak? En kan jy net die draak steek, of moet jy die draak MET iemand steek?

Het jy geweet?

- Volgens die HAT en WAT moet jy die draak MET iemand steek, maar dit was nie altyd so nie.
- Reeds so ver terug as in 1605 sien ons dat die idioom so oorganklik gebruik word, byvoorbeeld in 'n liedjie uit die *Eerste Nieu Amoreus Liedtboeck*:

Sy steeckt den draeck met mijn goet ront.
Dus roep ick wraeck, ick heb oorsaeck,
Tot aller stont.

- Maar lank voor dit (in die 3de eeu) het iemand letterlik 'n figuurlike draak met 'n swaard gesteek – die ene Georgius, 'n soldaat in Cappadocië. Hy is in die jaar 303 ter dood veroordeel omdat hy nie sy christelike geloof wou versaak nie. Hy het toe later 'n heilige geword, wat ons ken as Sint Joris, of in Engels Sint George.
- Nou, gerugte wil dit hê dat daar in sy tyd 'n draak was wat die koning se dogter wou verslind, en toe maak Joris die draak met sy swaard dood.

Is daar regtig drake? Of was Joris 'n fiktiewe karakter?

- In die Bybel is daar in Openbaring 12:9 sprake van 'n draak.
- Joris was 'n regte persoon. Die storie van die draak is ten nouste met Sint Joris geassosieer, waar die draak dan 'n simbool vir Satan en vir die heidendom geword het.
- In Middeleeuse straatfeeste was daar dikwels 'n akteur op 'n perd wat met 'n strooidraak geveg het, die draak gespot en geskel het en uiteindelik die draak met sy swaard doodgesteek het.
- En so kry ons dan uiteindelik dat jy die draak steek met iets of iemand wat bespottenswaardig is.

Om die kluts kwyt te wees**Het jy geweet?**

- Die idioom kom uit die 19e eeu: Uit die papiervervaardigingsbedryf, waar “kluts” die Nederlandse woord was vir “klits”.
- As jy papier met die hand gemaak het, moes jy die vloeistof baie gelykmatig meng/klits en oor die papievorm uitsprei. En as jy nie gelykmatig klits nie, is jy dus **die klits (kluts) kwyt**, en dan maak jy ’n gemors van die papiermakery.
- In Nederlands is *klutsen* = *klits* (bv. *gee die eiers nog ’n klits (kluts in Ndl) of twee*).
- Eerste keer in 1931 in die AWS: onderskeid tussen *klits*, *ge-* en *kluts (die – kwyt)*.

Interessant:

- Aan die begin van die 20e eeu uit die motorvervaardigingsbedryf: “Kluts” is die Duitse woord wat in Engels “clutch” geword het.
- Uit die Voortrekkertyd: ’n Kluts was die klinknael waarmee jy die velling aan die naaf van die wawiel vasgeheg het.

Lees meer ...

- Gaan lees ook by [Afrikaanse spreekwoorde: Raar maar waar](#) op Afrikaans.com vir nog talle voorbeelde en illustrasies.
[HTTP://AFRIKAANS.COM/WP-CONTENT/UPLOADS/2020/04/IDIOME.PDF](http://afrikaans.com/wp-content/uploads/2020/04/idiome.pdf)
- Hier is ook ’n oulike plakkaat om gratis af te laai.

BRON EN EIENDOMSREG: GERHARD VAN HUYSSSTEEN EN SU-AN MÜLLER-MARAIS.

